PNHS

HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

3 Junie 2021

OB: 19 / 2021

Geagte ouers

1. COVID 19

H/S Pretoria-Noord se huidige situasie: **ons het tans een onderwyser en 9 leerders wat positief getoets het. Daar is tans 42 leerders in isolasie wat sekondêre kontak gehad het.**

Vanweë die stygende getalle infeksies en ons terug beweeg na vlak 2 inperking toe, het die Minister van Basiese Onderwys nuwe regulasies uitgevaardig. Ons moes der halwe al ons kontaksportoefeninge, asook revue- en kooroefeninge staak.

Nie-kontak sport soos tennis en skaak se wedstryde kan ook nie voortgaan nie, omdat die vervoer van leerders vir wedstryde en kampioenskappe verbied word.

Ons gimnasium moes ook sluit omdat ons nie aan die protokol kan voldoen nie. Leerders wat vooruit betaal het sal krediet kry vir maande wat hulle nie kon oefen nie, wanneer die gymnasium weer open.

Die skool se bestuur en Beheerliggaam monitor ons situasie daagliks.

Ons kan ons skool en kinders nie met sensasie beskerm nie, maar eerder deur konstant en volgehoue die regte dinge te doen.

U kan ons ook tuis help om ons skool veilig te hou, deur u kind se gesondheid fyn te monitor en u kind ‘n higiëniese leefstyl aan te leer. Van die geïdentifiseerde simptome van die siekte is onder andere: lyfseer, droeë hoes, kortasem, verlies van smaak, diareë, naarheid en braking en buitengewone moegheid. Indien u kind hierdie simptome toon met ‘n gepaardgaande hoë koors moet hom / haar asseblief nie skool toe stuur nie en win onmiddellik mediese advies in.

Stel die skool asseblief onmiddellike in kennis as daar kontak was.
Leer u kind om protokol te volg en moenie negatief daaroor wees nie, besef dat u kind u voorbeeld gaan volg.

Monitor asseblief u kind se bewegings en kontak na skoolure, dit is hier waar infeksies plaasvind. Gerugte van graad 12 se sogenaamde “40 dae” begin ook nou oral kop uitsteek. Ouers neem asseblief kennis dat dit **nie ‘n skoolaktiwiteit is nie en geensins deur die skool goed gekeur word nie.** Gegewe die huidige situasie is so iets in elke geval totaal en al onvanpas. Dit is reeds bewys dat dit op hierdie soort van byeenkomste is waar infeksies opgedoen word en wanneer u hiermee gekonfronteer word moet u en u graad 12 kind eintlik ‘n besluit neem oor hoe belangrik u kind se toekoms vir hom / haar is.

2. Skoolbywoning

Sedert verlede Donderdag het ons skoolbesoek dramaties verswak. Skoolbywoning vir die week: graad 8: 80%, graad 9: 91%, graad 10: 88%, graad 11: 89% en graad 12: 84%.

3. Akademie: Kwartaal 1: Top 10

Baie geluk aan die volgende top presteerders in hul onderskeie grade:

Graad 8	Graad 9
1. Shene Louw (91,18%)	1. Juane Pretorius (93,94%)
2. Nieuwoudt Chrishelle (91,10%)	2. Bea-Mae Lombard (92,04%)
3. Haarhoff Beate (90,86%)	3. Nika van der Westhuizen (91,09%)
4. Louw Elrie (90,57%)	4. Fiona de Beer (90,17%)
5. Alexis Mollentze (90,51%)	5. Annadene Berger (89,44%)
6. Juane de Wet (89,59%)	6. Vicky Hurn (89,41%)
7. Petreen Mathibela (87,97%)	7. Andre Haarhof (89,21%)
8. Erica Haasbroek (87,15%)	8. Armand Bosman (88,67%)
9. Danielle Scholtz (87,03%)	9. Meghan Daneel (88,65%)
10. Ettienne Botha (86,96%)	10. Dorothy Deetlefs (88,51%)

Graad 10	Graad 11
1. Marco J v Rensburg (89,37%)	1. Hesmari Scholtz (91,88%)
2. Jemma Els (88,73%)	2. Nicola van Niekerk (88,58%)
3. Istelle Brand (88,41%)	3. Keana van der walt (85,82%)
4. Nantes Niemand (86,91%)	4. Monika Vos (84,37%)
5. Carel Greyling (85,10%)	5. Freddie Strydom (83,62%)
6. Lisa Langley (84,71%)	6. Malory Cronje (83,57%)
7. Devon Esterhuizen (84,32%)	7. Kaitlin van Lille (82,80%
8. Jade Kuhn (84,07%)	8. Zuane van Wyk (82,77%)
9. Mathew Kilfoil (83,40%)	9. Megan Hayes (82,07%)
10. Sunele Naudé (83,00%)	10. Marellee Maree (81,00%)

Graad 12
1. Alisha Wilkens (90,07%)
2. Lindie Horn (89,09%)
3. Alexa Farrel (88,53%)
4. Ester Bothma (86,73%)
5. Leandi Duursema (83,34%)
6. Lee-Ann von Stade (83,01%)
7. Elkan van Wyk (82,25%)
8. Krizel Langenhoven (82,02%
9. Ruben Botha (81,07%
10. Anri Louw (80,62%)

4. Akademie: Aanlyn-onderrig Wolkskool

Ons neem waar dat baie van ons leerders reeds ingeskakel het by die Wolkskool. Neem net weer kennis dat leerders van ons skool gratis by hierdie aanlyn-program kan inskakel, wat vir hulle ‘n magdom leermateriaal, oefentoetse en lesse deur ‘n verskeidenheid onderwysers bied. Onthou dat u asseblief u kind se ID nommer moet gebruik om te registreer.

5. Leierskap: PN Raad

Na ‘n dissiplinêre verhoor het een van ons leiers posisies op die PN Raad vakkant geraak. In ooreenstemming met die konstitusie is hierdie posisie aangebied aan die volgende kandidaat op die kieslys. Dit is dan vir ons ‘n groot voorreg om bekend te maak dat Richard Davis tot PN Raadslid verkies is. Geluk aan Richard en sy ouers met hierdie besondere onderskeiding en ons wens hom sterkte toe vir sy termyn as leier.

6. Akademie vir leierskap: Leiersopleidingdag, 5 Junie 2021

Neem asseblief kennis dat die beplande leiersopleidingdag wat op die kwartaalprogram geskeduleer was vir 5 Junie 2021 ongelukkig nie meer sal plaasvind nie as gevolg van die nuutste regulasies wat ontvang is.

7. Program vir die week

Vrydag, 4 Junie:	*	Graad 8 – 12: dag 6.
Maandag, 7 Junie:	*	Graad 8 – 12: dag 1.
	*	Detensie, 14H15 – 16H00.
	*	Geboue en Terrein vergadering, 15H00, Konferensiekamer.
	*	Finansiele Komitee vergadering, 17H15, personeelkamer.
	*	Beheerliggaam UK vergadering, 19H00, Personeelkamer.
Dinsdag, 8 Junie	*	Graad 8 – 12: dag 2.
	*	Graad 12 akademiese uur, sleutel 5, 14H15 – 15H15
	*	Gasvryheidstudies: restaurantaand graad 11, 14H30 – 21H30, restaurant.
Woensdag ,9 Junie:	*	Graad 8 – 12: dag 3.
	*	Graad 8 - 11 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
Donderdag, 10 Junie:	*	Graad 8 – 12: dag 4.
	*	Graad 12 akademiese uur, sleutel 6, 14H15 – 15H15
	*	Gasvryheidstudies: restaurantaand graad 11, 14H30 – 21H30, restaurant.
Vrydag, 11 Junie:	*	Graad 8 – 12: dag 5.

Vriendelike Groete



CJC Driescher
Hoof: H/S Pretoria-Noord

Noorderlig
PNHS
Leerder Ondersteuning

Ons behoeftige gesin getalle het toegeneem en ons benodig asb enige nie-bederfbare produkte.

Enige skoolklere wat nie meer deur leerders gedra word nie, kan aan die Noordehoekie geskenk word.

Winterprojek behels die insameling van 100 komberse. Ons wil vir ons eie gesinne insamel en uitreik na ons gemeenskap.
Alle skenkings kan by die kantoor afgelaai word.

Kontak Tanya vir enige navrae 082 601 6878

Mahindra
Rise.

HOT DEALS!

Mahindra
Pretoria North
CALL 012 546 2908

www.mahindraptan.co.za